Die Here maak onverwags ’n deur oop.

5 jaar gelede het ek soos volg geskryf:

3 Augustus 2005 het die Here my baie duidelik geroep, (Gaan na die stad!) maar ek het nie geweet presies waarheen nie. Gedurende Maart 2006 het die Here my egter baie duidelik begin lei om saam met ds Jacob Schoeman in Kaokoland en die Kunene-streek te werk. Van die begin af het ek geweet dit gaan ’n radikale geloofsstap wees. Wat die Here van my gevra het om te doen was glashelder duidelik, en ek en my vrou het die ongelooflikste vrede daaroor: Ons moet uitstap in die geloof en dit doen ongeag die prysgawe van finansiële sekuriteite, want dan is ons op ’n terrein waar ons nie ’n bydrae kan maak aan die sukses van hierdie koninkryksrisiko nie, net God kan dit doen!

Nou, na amper 5 jaar in Namibië, kan ons as gesin net getuig, God is getrou! Die Here het inderdaad vir ons gesorg. Ons kan waarlik getuig dat ons die afgelope 5 jaar ’n geloofsavontuur saam met God beleef het en dat ons die ervaring van God se troue sorg en voorsiening vir niks in die wêreld sou verruil nie.

Weer het ons voor ’n keuse te staan gekom. Die keer nie ’n kruispad nie, maar ’n oop deur. Hierdie geopende deur het ons nie gesoek nie, en ook nie daarvoor gevra nie. ***Gaan na die stad?(3-8-2005)***

Na twee maande se gebed en soeke na God se wil voordat ons ’n besluit geneem het, is ons ten diepste daarvan oortuig dat die Here self die deur oopgemaak het.
Met dankbaarheid kon ons die afgelope 5 jaar ook net ervaar hoedat die Here ons kinders op vele terreine seën, wat Hy dan ook gebruik het om die deur oop te maak. Ons is oppad na Windhoek vir die volgende 5 jaar. Tesame met gratis behuising in Windhoek, het Hester boonop ’n onderwyspos by Windhoek Gimnasium Privaatskool gekry wat gratis skoolonderrig vir Magdaleen en Frederick insluit.

Wat ons kinders betref is daar meer en beter geleenthede en baie minder ure op die pad. Wat my roeping betref, bly ek steeds deel van die Kunene-vir-Christus span. Prakties beteken dit dat ek minder sal ry, maar een maal per maand vir ’n langer periode (ongeveer 10 dae) Kaokoland sal besoek. Dit is ook vir my duidelik dat die sendingkoördineerders pos waarvoor die NG Kerk Pionierspark my beroep het nie in die gedrang kom met die skuif na Windhoek nie.

Die volgende is ter sprake:

1 Verleen hulp op versoek van gemeentes en neem verantwoordelikheid indien versoek word om die vakatures wat ontstaan het om dienste te reël en te koördineer;

2 Koördineringswerk vir besoekende spanne/individue in die streek;
3 Navrae en advies ten opsigte van die streek hanteer;
4 Identifiseer die behoeftes van die streek met verslag aan die Sinodale diensgroep gemeenskapsontwikkeling;
5 Praktiese sendingwerk;
6 Hulp ten opsigte van opleiding bv TEE (NETS) en Projek-Amos;
7 Koördineer tov skakeling met ander kerke en para-kerklike instansies;
8 Literatuur verspreiding en bepaling van behoeftes.
9 Samewerking met die Ringsgetuieniskommissies binne wie se streek die werk resorteer.

Ek en my kollega, ds Jacob Schoeman, is dit eens dat sommige aspekte van ons werk baat sal vind deur my teenwoordigheid in Windhoek. Tyd sal leer hoe dit presies sal uitwerk.

Wat die kerkraad van die NG Kerk Pionierspark se verantwoordelikheid betref rakende my finansiële versorging, bly ons ooreenkoms presies dieselfde.

Ek is self volledig verantwoordelik vir my eie traktement, reiskoste, mediese fonds, pensioenfonds, behuising en verhuisingskoste.

Bid vir ons, want ons is opgewonde oor wat hierdie skuif en nuwe pad vir ons inhou.

Soos 5 jaar gelede kan ek die volgende met vrymoedigheid getuig!
Een van die dinge wat dit vir my maklik maak om hierdie nuwe pad te stap is die goedheid van God. Basilea Schlinck skryf, “.....for Christians the dark night of the future is lit by a brilliant star – **the goodness of God the Father**..... He who trusts God is independant of the shifting tides of politics or economics, or a coming catastrophe. His future depends upon God alone, in whose hands are all things,....”

2011

2007